higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR-VLAK 3

(5050073)

19 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die nommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Didaktiek verwys na goeie leerstyle.

1.1.2 'n Leerlinggesentreerde metode maak eksperimentele leer moontlik.

1.1.3 Motivering is een van die beginsels wat gebruik word om die leerproses te versterk.

1.1.4 Rolspel is nie 'n onderrigstyl wat leerdergesentreerd is nie.

1.1.5 Jou leerstyl word beïnvloed deur linkerbrein- of regterbreindominansie.

(5 × 1) (5)

1.2 Lees die scenario en beantwoord die vraag.

> Lindiwe hou daarvan om geheuekaarte in verskillende kleure te teken as sy studeer. Sy herhaal inligting hardop wanneer sy probeer om lyste te onthou. Wat haar ook help as sy studeer, is wanneer iemand haar die inligting vertel. Dit is makliker vir haar om die inligting te onthou wanneer sy prentjies sien.

Watter leerstyle pas Lindiwe toe? Verwys na die scenario om jou antwoorde te ondersteun. (2 × 2) (4)

1.3 Tabuleer DRIE verskille tussen volwasseleer en kinderleer. (3 × 2 + 2) (8)

1.4 1.4.1 Beskryf die elemente van leerbevoegdhede. (3)

1.4.2 Noem TWEE elemente van leer waarin jy goed is en gee 'n rede. (2 × 2) (4)

1.5 Jy het 'n graad 5-leerder wat lief is om te verf, te teken en na musiek te luister. Sy is nie goed met lees en wiskunde nie.

Stel DRIE aktiwiteite voor wat sy kan doen om haar linkerbrein se ontwikkeling te stimuleer. (3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 2

2.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Begeerte en vermoë om te leer.	A	kinders behoort nooit op skool verveeld te wees of 'n gebrek aan belangstelling te hê nie
2.1.2	Selfgeïnisieerde leer	B	bevat al die belangrike inligting wat leerders behoort te leer
2.1.3	Ontdekking en aktiwiteit	C	kinders stel altyd ondersoek in en is op soek na antwoorde
2.1.4	Pret	D	word gebruik om leerders te help om sekere dinge te memoriseer
2.1.5	Fisiese betrokkenheid	E	help 'n groep kinders om iets saam te doen
2.1.6	Handboekmetode	F	probeer self inligting oor iets kry
2.1.7	Drilmetode	G	die meeste take gebruik die vraag-en-antwoordonderrigmetode
2.1.8	Eksperimentele metode	H	kinders het opvoedkundige speelgoed nodig
2.1.9	Fasiliteerder	I	wanneer kinders verken en feite en idees uitvind
2.1.10	E-leer	J	gee leerders navorsingsprojekte buite die klas
		K	die beste manier om te leer deur verskillende soorte bewegings te oefen

(10 × 1) (10)

2.2 Beskryf hoekom jy dink terugvoering belangrik vir leerders is. (4)

2.3 Jy is 'n Graad 1-onderwyser en die skoolhoof het jou gevra om die ouers toe te spreek oor hoe hulle kan help om hulle kinders se intelligensie en leerbevoegdhede te bevorder.

Gee VYF voorstelle. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

2.4 Gee DRIE redes waarom jy dink dat onderwysers verskillende onderrigmetodes in 'n klaskamer behoort te gebruik. (3 × 2) (6)
[30]

VRAAG 3

3.1 Wat verstaan jy onder totale breinleer ('whole brain learning')? (3)

3.2 Beskryf die verskil tussen korttermyngeheue en langtermyngeheue. (2 × 2) (4)

3.3 Teken die kwadrante van die brein en gee EEN kenmerk van elke kwadrant. (2 + 4) (6)

3.4 Wat is die onderwyser se rol in e-leer? (3)

3.5 'n Mens moet soms in die lewe 'n etiese besluit neem en besluit wat die regte ding is om te doen.

Ontwikkel jou eie riglyn van VYF vrae wat jy sal vra om jou te help om 'n moeilike besluit te neem. (5 × 2) (10)

3.6 Gee VIER voorstelle oor die inrig ('set-up') van 'n klaskamer/leersituasie wat 'n linkerbrein-dominant leerder gemaklik sal laat voel. (4)
[30]

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die prentjie hier onder en beantwoord die vrae.



4.1.1 Vergelyk die verskil tussen die invloed van Oorerwing (Nature) en Omgewing (Nurture) wat betref intelligensie. (3 × 2) (6)

4.1.2 Wie jy is en wat jy word kan deur sowel oorerwing as omgewing bepaal word.

Dink jy oorerwing of omgewing het die grootste invloed op jou intelligensie, bevoegdhede en vaardighede gehad? Motiveer jou antwoord. (2 × 2) (4)

4.2 4.2.1 Noem die DRIE hoofleerstyle. (3)

4.2.2 Wat is jou voorkeurleerstyl?

Volgens jou leerstyl noem VIER dinge wat jy kan doen om jou studie te verbeter. (1 + 4) (5)

4.3 Verskillende onderrigmetodes kan gebruik word om individuele leerders se leerstyle te akkommodeer.

Beskryf die metodes hier onder en verduidelik watter soort leerder by elke onderrigmetode sal baat vind.

4.3.1 Rolspel/Vry aktiwiteit

4.3.2 Narratiewe onderrig

4.3.3 Demonstrasie

4.3.4 Vraag en antwoord (12)
[30]

VRAAG 5

5.1 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

persoonlike; kulturele; waardes; etiek; sosiale; werk; opvattings; grondwet

5.1.1 'n ... is 'n belangrikae standaard waarby ons lewe.

5.1.2 ... is dinge wat as waar beskou word sonder dat daar bewyse voor is.

5.1.3 ... waardes is belangrik vir 'n individu.

5.1.4 ... bepaal wat reg en verkeerd is en hoe ons ons moet gedra.

Kopiereg voorbehou

5.1.5 ... waardes gee riglyne oor hoe om ander mense bv. jou vriende te hanteer.

5.1.6 ... waardes behels taal, tradisies en geloof.

(6 × 1) (6)

5.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Thandi, kom uit 'n arm agtergrond en soms het sy geen kos vir middagete nie. Skielik begin sy kollege toe te kom met 'n slimfoon en dra al die jongste modes. Sy het ook baie geld om by die snoepie te spandeer. Verlede week, het haar nuwe kêrel haar by die kollege kom oplaai. Jy het hom as 'n getroude man uit jou buurt erken. Hy is 'n kerkganger met jong kinders.

5.2.1 Sal jy Thandi vertel? Ja of nee. Gee TWEE redes vir jou antwoord.

(2 × 2) (4)

5.2.2 Is die besluit wat jy in VRAAG 5.2.1 gemaak het op etiek, waardes of opvattings gegrond? Gee redes om jou antwoord te ondersteun. (4)

5.2 Noem VIER probleemsituasies wat kan veroorsaak dat natuurlik etiese gedrag in onetiese gedrag ontaard. (8)

5.3 Skets VIER beginsels wat op volwasseleer van toepassing is en verduidelik waarkom. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 6

6.1 Verduidelik die volgende terme:

6.1.1 Praktiese intelligensie

6.1.2 Intelligensie

6.1.3 Algemene leervermoëns

6.1.4 Emosionele Intelligensie (12)

6.2 Toe jy vanoggend by die kollege aankom het die veiligheidswag geweier om jou deur die hek te laat omdat jy jou studentekaart vergeet het.

Gee DRIE voorbeelde van dinge wat jy kan doen deur jou praktiese intelligensie te gebruik. (3 x 2) (6)

Kopiereg voorbehou

6.3 Gee TWEE vergelykings tussen *outonome leer* en *samewerkende leer*. (4)

6.4 Wat is 'n onderwyser se rol in samewerkende leer? Noem VIER take wat 'n onderwyser moet uitvoer? (4 × 2) (8)

[30]

TOTAAL 180

Kopiereg voorbehou